KENNISGEWING VAN ’N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE PROSES VIR DIE VOORGESTELDE 160MM uPVC BULK WATER VERVOER PYPLYN VANAF TESSELAARSDAL NA BETHOESKLOOF IN DIE WES-KAAP.

DEA&DP Verwysing: 16/3/3/6/7/1/E4/5/1088/20

UITNODIGING TOT DEELNAME

GNEC verwysing: 20640

Projek Beskrywing: Die Theewaterskloof Munisipaliteit is tans in die proses om ’n Omgewingsimpakstudie goedgekeur te kry vir die installasie van ‘n 160mm uPVC bulk waterlyn wat strek van Tesselaarsdal na Bethoeskloof om die risiko van water tekorte te verminder. Die beplande roete is ongeveer 5.7km in totaal en word meestal beplan langs die hoofpad (Minor Road OP04103) van Tesselaarsdal na Bethoeskloof, maar is ook beplan om oor ‘n paar plase te strek waar dit nie langs die pad kan lê nie. Dit word voorgestel om 4 ‘’watercourses’’ te kruis met die voorgestelde pyplyn roete langs die hoofpad. Boonop is gedeeltes met inheemse natuurlike plantegroei langs die voorgestelde pyplyn roete geïdentifiseer. ‘n Varswater Spesialis asook ‘n Botaniese Spesialis was aangestel om die voorgestelde pyplyn roete te assesseer. Die installering van die pyplyn self is nie die gelysde aktiwiteit nie, maar die voorgestelde ‘’watercourse’’ kruisings en inheemse plantegroei verwydering is die gelysde aktiwiteite.

Ligging: Die voorgestelde waterpyplyn word beplan tussen die landelike nedersettings van Tesselaarsdal en Bethoeskloof in die Overberg. Tesselaarsdal is ongeveer 23km suid-oos van Caledon geleë en Bethoeskloof ongeveer 4km oos van Tesselaarsdal. Die gelysde aktiwiteite word meestal beplan binne die pad reserwe van die hoofpad. Van die inheemse plantegroei mag dalk verwyder word op die grens van plase langs die roete af.

Gelysde Aktiwiteite: ’n Omgewingsimpakstudie is ingedien by die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning vir die voorgestelde ‘’watercourse’’ kruisings en uithaal van inheemse plantegroei. Die Omgewingsimpakstudie is in terme van die Nasionale Omgewingsbestuurwet van 1998 (Wet No. 107 van 1998) asook die Omgewingsimpakstudie Regulasies 2014 (soos gewysig). Die toepaslike aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word is, Gelysde Aktiwiteit 19 in Kennisgewing 1 (No. 327) asook Gelysde Aktiwiteit 12 in Kennisgewing 3 (No. 324).‘n Aansoek om watergebruik word ook ingedien in terme van Seksie 21 (c) en (i) van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998).

Publieke Deelname: 26 Junie 2020 – 7 Augustus 2020

Indien u as belanghebbende wil registreer, kommentaar wil lewer of addisionele inligting versoek, moet u asseblief u naam, adres asook die rede vir u belangstelling stuur na die volgende adres: Guillaume Nel Omgewingskonsultante, Aandag: Divan Opperman, Posbus 2632, Paarl, 7620. Tel: (021) 870 1874, Faks: (021) 870 1873 of E-pos: divan@gnec.co.za. Dui asb die GNEC verwysings nommer **20640** aan op alle kommunikasie. Die voor-aansoek Omgewingsimpakstudie verslag sal beskikbaar wees vanaf 26 Junie 2020 op GNEC se webtuiste www.gnec.co.za. Die verslag sal elektronies aan enige belanghebbende beskikbaar gemaak word op versoek, sou die dokumente nie verkry word op die webtuiste nie. Weens die huidige nasionale COVID-19-pandemie, is daar geen hardekopie dokumente by die Openbare Biblioteek beskikbaar nie.

REGISTRASIE/KOMMENTAAR MOET ASB VOOR OF OP: 7 AUGUSTUS 2020 GELEWER WORD